PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

5 Desember 2021

Vanoggend se erediens: Doop

Tema: 'n Duur vreugde
Skrifgedeelte: Luk 2:34,35
Die Kerstyd is 'n tyd van vreugde. Nie goedkoop plesierigheid, soos baie mense dink die Kerstyd is nie. Nee, van die begin af maak die Bybel dit baie duidelik dat Kersvreugde 'n duur vreugde is; dat God 'n baie groot prys betaal het om dit Kersfees te kon laat word: Hy het sy Seun prysgegee.

Ons Program

Vandag: Tweede Adventsondag

- ✎ Erediens om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- ✎ Doop: Mariné Terblanche en Daniël Wium
- ✎ Deuroffer: Letsemeng Kinderhuis
- ✎ Verversings: Ná die erediens is verversings buite op die kerkterrein. Baie dankie aan Swartkoppies-wyk.

Sondag 12 Desember: Derde Adventsondag

- ✎ Erediens om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- ✎ Deuroffer: Ons Woning

Só glo ons – Heidelbergse Kategismus

Vraag 56: Wat glo jy van die vergewing van sondes?
Antwoord: Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my hele lewe lank moet stry, nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.

Ek glo ...

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Desember
5 Joey Kruger; Mariné Terblanche
7 Ina Strauss
8 Tooitjie Kotzé; ds. Pieter Poley; Hercule Strauss
10 Frans du Toit

Huweliksherdenking

5 Jaco & Tanya Terblanche (3j); Albertus & Welmé du Preez (32j)
9 Jan & Leana Hugo (43j)
10 Hannes & Magda van der Watt (27j); JG & Maryke van Loggerenberg (16j)
11 Hansie & Annetjie Coetzee (45j)

'n Baba!

Geluk aan Leani en Gerrit du Toit met die geboorte van jul seuntjie Jan Hugo. Mag hy vir julle en die familie baie vreugde bring!

Voorbidding

- ✎ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- ✎ Dr. Hannes Hartman – Kwaadaardige gewas aan sy long.
- ✎ Janine van Jaarsveld – Voortgesette behandeling vir kwaadaardigheid.
- ✎ Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
- ✎ Jan Hugo – Skouer-operasie 6 Desember.
- ✎ Phillip du Plessis – Hospitaal met bloedklonte in die been.

Leraar: Jaco Thom 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: Madette Lombaard 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: Elmien Thom 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: Annamarie Dercksen 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001